**RSG Nuusbrief | 4 Maart 2022**

Beste [FNAME]

RSG is voorwaar aan die voorpunt met innovering en stel die voorbeeld wanneer dit in die radio afdeling kom!  Onlangs is die **eerste Kwartkomedie-wenners aangekondig** – ‘n eerste kompetisie van sy soort waar luisteraars ‘n oorspronklike komedie-teks van 15-minute kon inskryf en waarvan die wentekste opgevoer en uitgesaai gaan word. Dit is deur NATI geborg en Kobus Burger was die man aan die stuur wat alles gereël en uitgevoer het! Die tradisionele radiodramaskryfkompetisie was in 2021 vir die 25ste jaar aangebied, en ons sien daarna uit om dit vanjaar weer aan te bied in samewerking met ‘n borg. Dié konsep gaan nou deur ons ALS (African Language Stations) susterstasies geïnisieer word en Kobus en Ukhozi se personeel het reeds gesels oor die besonderhede… so moenie verbaas wees as Kobus een van die dae isiZulu begin praat nie!

Hoe sê die TV advertensies… ‘but wait, there’s more’ – vroeg in Februarie het Kobus in samewerking met die Wes-Kaapse Onderwysdepartement ‘n 2-dag werksessie in SABC Seepunt se ouditorium aangebied waar onderwysers van die platteland die geleentheid gekry het om meer te leer oor die skryf en produksie van radiodramas, wat hulle kan uitbrei na hul skole. Ek dink hierdie gaan ‘n jaarlikse instelling word.

Ons het ‘n kleurvolle boeket dokumentêre vir Maart: oor **saffraan**, **blommeverkopers** en selfs positiewe **menslike Covid-stories.**

Saam met al ons ander programme, hoop ons daar is werklik iets vir jou.

Mooi wense tot volgende keer

**Louise en die RSG-span**

---

# 1e Oppiwater van 2022: Ons omroepers vertel

Die 1e Oppiwaterkunstefees van 2022 was ‘n mallemeulevaart van kuns, kultuur, musiek, kos, dekpartytjies en vermaak op die reuse MSC Orchestra vaartuig van bykans 300m lank, 60m breed en 15 verdiepings (dekke) hoog. Johan Rademan, Haidee Muller-Isaacs en Jody Hendricks deel hul ervarings. **Lees meer.**



---

# Moenie dié programme misloop nie!

**Ons boekvoorlesing soggens**
Die bekende en geliefde skrywer, Hans du Plessis se roman, *Drie vroue en ‘n meisie*, is RSG se nuwe oggendboekvoorlesing wat op 22 Februarie begin het. Dit is die verhaal van die Murray-vroue: Amleth, Cathy, Katrina en Katryn. Die verhaal speel af teen die agtergrond van die armblankevraagstuk, in die nadraai van die Anglo-Boereoorlog. Hans du Plessis se stories gryp ‘n mens aan die hart. Sy meesterlike taalgebruik verseker ‘n onvergeetlike storie-ervaring. Dit word voorgelees deur Elma Potgieter. **Lees meer.**



**Peperduur, nee Saffraanduur**

Saffraan is die duurste spesery op aarde teen R200000 per kilogram. Dié besondere spesery bring ‘n welkome ekonomiese inspuiting in die dorre Noord-Kaap. Sowat ‘n 150000 blomme is nodig om ‘n kilogram te produseer. Luister Donderdagaand 10 Maart na dié dokumentêr deur Jacqui January. **Lees meer.**



**Die blommeverkopers van Adderleystraat**

By Trafalgar-plein, die historiese deurloop tussen Adderley- en Parlementstraat, sal jy die Moederstad se legendariese blommeverkopers in al glorie, kleur en geur aantref. Hulle het ‘n bloedlyn van blommemense en hier word al langer as ‘n eeu lank met blomme handel gedryf. Luister op 17 Maart na dié dokumentêr. **Lees meer.**



**Agter die masker**

Agter die Masker is ‘n dokumentêre reeks van twee episodes wat fokus op die emosionele impak van die Covid-19 pandemie op dokters en pasiënte. Episode 1 word op Donderdag, 24 Maart om 20:00 uitgesaai, waarna Episode 2 op Donderdag, 31 Maart om 20:00 sal volg. Esté de Klerk gesels onder meer met ‘n 52-jarige mielieboer van Lichtenburg in Noordwes, André du Preez, wie se lewe onherroeplik verander het nadat hy Covid-19 opgedoen het.

**Lees meer.**



---

# Luister weer


Wil jy weer na een van dié programme luister? Klik net op die skakels.



**Lippizaners nou in Paarl**
Die Lipizzaner-perde, alombekend vir hul betowerende danspassies, het onlangs van Kyalami in Gauteng, Kaap toe getrek. Hulle nuwe blyplek is op die plaas Mistico in die Agter-Paarl. **Lees meer.**



**Regsake**
Wat is die implikasies van die onteienings-wetsontwerp? Igna Klynsmith vertel meer. Hy gesels ook oor 'n appèlhofuitspraak oor die voetstoots-klousule, swart ekonomiese bemagtiging en dronkbestuur. **Lees meer.**




**My mooi dorp**
'n Wêreldgehalte ateljee wat reklame-video's vervaardig vir die internasionale mark is op 'n onverwagse plek – Somerset-Oos. Die ateljee staan bekend as die 'Karoo Tech Hub' en lok jongmense na die dorp. **Lees meer.**




**Gesondheid**
Robot-tegnologie word nou al meer ingespan in knievervangings. Hoe werk dit? Sny die robot of sny die ortopeed? Is die uitkoms werklik beter? Dit is nie uurder vir die pasiënt nie. **Lees meer.**




**Landbou**
Veesiektes versprei makliker met die aankoop van nuwe diere. Die toepassing van biosekuriteitsmaatreëls is dus belangrik. Koringprodusente sukkel met uitloopskade tydens die nat toestande. **Lees meer.**



**Hoe verklaar jy dit?**
Verkies muskiete ‘n sekere bloedgroep bo ander bloedgroepe? Wat is ambergris? Hoe slaap insekte? Hoe beheer duisendpote hulle pote? **Lees meer.**



**Sterre en Planete**
Daar is deesdae heelwat planete sigbaar in die naghemel. Ons vertel meer. Hoewel die Parker-ruimtetuig gelanseer is om na die son te kyk, het die tuig onlangs 'n besondere foto van die oppervlak van Venus (hierbo) geneem. **Lees meer.**



**Dokumentêr**
Luister weer na die dokumentêr In Domine Patre (In die naam van die Vader) oor die lewe van Rooms-Katolieke nonne. Dis 'n uiters moeilike loopbaan en nie vir elkeen bedoel nie. **Lees meer.**

---

# Kitsskakels

RSG programme en skedules

**ARTIKELS** Lees die artikels met potgooi skakels
**KIEKIES** Laai self foto's op Ooggetuie
**POTGOOIE** Baie programme is op potgooi beskikbaar
**PROGRAMSKEDULE** As jy jou week wil beplan, kyk na dié skedule
**RESEPTE** Geen rede om te komkommer oor enige ete nie

---

Kopiereg © 2022 The Good Doctors (Pty) Ltd, Alle regte voorbehou.
Klik op die volgende skakels om jou **besonderhede te verander** of jou intekening te **kanselleer.**